*S.A. Journal for Research in Sport, Physical Education and Recreation, 2001, 23(2): 7-22.*
*S.A. Tydskrif vir Navorsing in Sport, Liggaamlike Opvoedkunde en Ontspanning, 2001, 23(2): 7-22.*
*ISSN: 0379-9069*

# ATHENA NIKE WAS GEEN SUID-AFRIKAANSE GODIN NIE: DIE MITE EN REALITEIT VAN GESLAGSGELYKE SPORT

Cora BURNETT
*Departement Sport- en Bewegingstudies, Randse Afrikaanse Universiteit, Johannesburg, Republiek van Suid-Afrika*

***ABSTRACT***

*The myth and reality of women's positioning in elite sport poses unique challenges to feminist enquiry and feminists' actions for change. The aim of this paper is to meet this challenge by offering an overview of feminist paradigms and praxis as they relate to South African elite sporting practices and underlying issues. By utilizing different feminist frameworks and practices such as the liberal, radical, socialist and post-modern paradigms, the differential reality of women's oppression in competitive sport is discussed. The marginalization of women and 'their sport' is discussed against the backdrop of poverty, capitalist market realities, patriarchal structures, hegemonic ideology, socialization practices, biased media coverage and unequal funding. Other categories of oppression such as class and race interplay to illuminate a diverse and unequal picture of such marginalization. The tentative nature of this paper serves to contextualize and explore the possibilities of feminist understanding and direct praxis in addressing South African women's quest for equality in the sphere of competitive sport.*

**Key words:** Feminism; Ideology; Gender; Sport; Structures; South Africa.

## INLEIDING

Die beroemde multinasionale korporasie en hoofborg van die Olimpiese Spele het die Griekse godin Athena gekies om hul simbool van sportuitnemendheid te word. Volgens die Griekse mitologie, sou die dogter van Zeus van Olimpus afgedaal het om teen die vyande van die gode te veg en hulle te oorwin, en as oorwinnaar sou sy geëer word as Athena Nike – godin van oorwinning. Hierdie simboliek is eintlik ironies vir duisende vroue wat onderdruk en gemarginaliseer was tot die gebiede van gepaste "vrouesport" en liggaamskultuur.

Deur die eeue het sport as bastion vir manlike dominansie gedien. In die antieke beskawings wat dateer van die Grieke, Romeine, Asiërs en Egiptenare is kompeterende sport hoofsaaklik gevestig as 'n manlike domein, waar manlike kwaliteite van taaiheid, outoriteit en veglustigheid gevier is en simboliese verheerliking geheg is aan mans se atletiese liggame wat as doeltreffende 'wapens' in gevegsituasies moes funksioneer (Jansen & Sabo, 1994; Nelson, 1994). Dit het in 'n groot mate aanleiding gegee tot die vestiging van manlike waardes en die diensooreenkomstige klassifikasie van gepaste 'manlike' en 'vroulike' sportaktiwiteite. Manlike superioriteit op die gebied van elitesport het in die kultuur, strukture en ideologie van selfs kontemporêre sportpraktyke op nasionale en internasionale vlak neerslag gevind (Hall, 1996). Dit word byvoorbeeld eksplisiet weerspieël deur die leuse van die Olimpiese Spele, naamlik *Citius, Altius, Fortius* (vinniger, hoër, sterker) (Coakley, 1998).

Daar is ’n legio invloede en strukture wat sport as terrein van manlike hegemonie in stand hou, waarvan die ‘mite van broosheid’ (Krum, 2000: 60), hegemoniese manlikheid (Messner & Sabo, 1990; Birrell, 2000), mans gedomineerde instellings (Dunning, 1994) en die legitimisering van manlike dominansie en sosiale meerderwaardigheid (Hall, 1996; Eitzen, 2000) enkeles is. Studies toon dat vroue in die meeste kontekste op sportgebied gemarginaliseer word. In patriargale samelewings soos Amerika (Borish, 1996; Sage, 1998), Europa (Boutilier & SanGiovanni, 1983; Sisjord, 1997), Kanada (Hall, 1996) en China (Yannong *et al*., 1997) word vroue se toegang tot en deelname aan kompeterende sport differensieel beperk. Hierdie globale tendens word hoofsaaklik gedemonstreer deurdat slegs 42% van die atlete wat in die Somer Olimpiese Spele in Sydney (2000) gekompeteer het, vroue was. Hulle kon slegs aan 120 items deelneem teenoor die 180 items van die mans (IOK, 2000). Dit is egter ’n rooskleurige prentjie in vergelyking met die verteenwoordiging van vroue in besluitnemende posisies van die IOK. Die eerste vroulike lid is eers in 1981, na 75 jaar van manlike oorheersing, tot die Internationale Olimpiese Komitee verkies, en ’n 20% vroulike verteenwoordiging is vir 2004 gestel wat enersyds die marginale posisie van die vrou, en andersyds ’n ‘poging’ tot relatiewe geslagsverteenwoordiging reflekteer (Davenport, 1988; IOK, 2000). Daar het wel verandering plaasgevind aangesien slegs 28.5% deelnemers in die Somer Olimpiese Spele in Barcelona (1992) vroulik was (Borish, 1996). Die verandering kan in ’n groot mate toegeskryf word aan die suksesvolle pogings van feministiese bewegings, wat hul globaal en in verskeie kontekste vir geslagsgelykheid beywer het. Globaliseringsinvloede manifesteer egter eiesoortig in ’n bepaalde politieke en sosio-ekonomiese konteks waar ’n unieke dinamika en strukture vroue se ervarings in en deelname aan sport beïnvloed.

Die studie van geslagsgelykheid wat met sport, rekreasie en die fisieke aktiwiteite van Suid-Afrikaanse vroue verband hou, is in ’n groot mate afwesig in die dominante nasionale navorsingsagenda. Die gebrek aan feministiese navorsing en kritiese sosiologiese beskouing van geslagskwessies in Suid-Afrikaanse sport is van die vele struikelblokke waarvoor geslagshervorming in sport en die breër Suid-Afrikaanse bestel (Roberts, 1993; Engelbrecht, 1996; Hargreaves, 1997; Jones, 1998) te staan kom. Hierdie artikel poog om ’n bydrae te lewer. ’n Sintese van feministiese beskouings word as raamwerk vir argumentvoering en analise benut om:

i) “gender” as sosiale konstruk te ontleed;
ii) feminisme as paradigma toe te lig;
iii) hegemoniese strukture en sosiale instellings te deurskou;
iv) Afrikaanse sport in terme van geslagsgelykheid te bespreek; en
v) voorstelle vir verandering te maak.

## “GENDER” AS ’N IDEOLOGIESE EN SOSIALE KONSTRUKSIE

Hoewel die biologiese kategorieë van ‘man’ en ‘vrou’ gebaseer is op relatief duidelike seksuele verskille, is hulle ook kragtige kulturele en institusionele konstruksies. Hierdie konstruksies beïnvloed die sosiale en politieke posisies van onderskeidelik mans en vroue in die samelewing. Die vrou se rol in die geïdealiseerde model van die kerngesinseenheid, was ’n intrinsieke deel van die ideologiese patriargale stelsel. Hierdie stelsel is ingestel deur ’n proses van manlike hegemonie waar mans hoër as vroue geag word, en dienooreenkomstig relatief maklik toegang kry tot die arbeidsmark en magsposisies (Sage, 1998). ’n Integrale element van die retoriek van Sosiale Darwinisme stel dat die biologies-bepaalde rol van vroue

fisiek en emosioneel by hul rolle as huisvrouens en moeders gepas het. Die rasionaal was dat vroue nie so goed soos mans toegerus is om op die produktiewe (openbare) gebied mee te ding nie (Birrell, 2000). Hierdie persepsies manifesteer hoofsaaklik in diskriminerende wetgewing, eksklusiewe arbeidspraktykte, asook manlike hegemonie in terme van strukture en verteenwoordiging in besluitnemende posisies (Borish, 1996; Hargreaves, 1997).

Buiten die strukturele faset van manlike dominansie, vind dit uitdrukking in die ideologie van opvoeding en sosialisering. Bauman (1991: 157) verwys na “gender” as die kultureelvervaardigde sosiale verskille tussen mans en vroue wat deur sosialisering aangeleer word. Hierdie invloede lei tot die opstel van “gender”-skemas as raamwerke vir gedragskenmerke en rolidentifikasie wat met norme omtrent ‘manlike’ en ‘vroulike’ optrede verband hou (Costa & Guthrie, 1994). Die proses van manlike hegemonie wat mans bo vrouens plaas en vergoed, vind neerslag in ’n ideologies-gefundeerde magstelsel wat mans in staat stel om vroue te domineer as die ‘swakker geslag’. Die proses van dominering vind plaas in sosiale instellings soos die skool, kerk en in sport federasies waar dit die kern van ongelyke magsverhoudings vorm (Hall, 1996). Hierdie vorm van openbare patriargie ten opsigte van manlike dominansie en uitbuiting vind neerslag in sosiale, ekonomiese, opvoedkundige en politieke gebiede (Coakley, 1998).

Die ideologie agter dié geslagslogika verwys na dominante idees oor manlikheid wat uitgebeeld word deur sosiale instellings, die media en deur die proses van sosialisering in spesifieke geslagsrolle en/of stereotipes (Nelson, 1994). Seuns word deur aksie-aktiwiteite gesosialiseer om ’n meer fisiek-aktiewe spelstyl in die vader-kind-interaksie aan te neem. In ooreenstemming met die norme van manlikheid, word seuns gespot en uitgejou as ‘sissies’ en word gekonformeer om macho-gedrag te toon deur aan mansportsoorte soos rugby en sokker deel te neem. Homofobie, ’n oordrewe fisieke ingesteldheid (“megarexia syndrome”), asook die onderskeid ten opsigte van aanvaarbare manlike en vroulike gedrag, hou verband met persepsies van fisieke ingesteldheid en ‘manlike mag’ (Birrell & Theberge, 1994; Sisjord, 1997).

Meisies, aan die ander kant, ontvang ’n meer ondersteunende, intellektuele responsiewe ouerspelstyl om ’n sorgsame aard en welwillendheid te beklemtoon (Lenskyj, 1995). Hulle word geleidelik bekendgestel aan die vroulike mistiek van huislikheid, die skoonheidsmite en die ‘tirannie van slankheid’ om die basiese standaarde van ‘goeie vrou en moederskap’, asook heteroseksuele aantreklikheid te bevredig (Davis, 1996). Die patriargale aard van die Suid-Afrikaanse samelewing en outoritêre norme speel ’n dominante rol in die geslagsosialisering van kinders (Lemmer, 1989: 31). Die rabbedoe-etiket word met rowwe spel geassosieer, maar die stigma van lesbisiteit word dikwels gekoppel aan vroue wat sukses behaal in tradisionele mansportsoorte (Scraton *et al*., 1999).

Die ideologie van manlike meerderwaardigheid in sport word grootliks geïnstitusionaliseer en ervaar volgens kulturele toepassingsnorme. Die polemiek omtrent vroue se toetrede tot tradisionele mansportsoorte soos sokker, boks, rugby en krieket bied ’n blik op die ideologiese posisionering van verskeie rolspelers. Liberale gesigspunte en beleid wat toelating van vroue tot die hoofstroom van sport regverdig, bevorder in sigself nie deelname nie (Birell & Theberge, 1994). ‘Vernederende lesings’ oor watter beskermende onderklere om te dra, mediese redes vir uitsluiting, ‘seksistiese mediarapportering’, die afkeer vir nie-konformerende gedrag (soos gemeet aan ‘gepasde gedrag vir dames’) en beperkte befondsing,

is deels verantwoordelik vir die relatiewe afwesigheid van vroue in ‘mansportsoorte’ en die marginalisering van ‘vrouesport’ (Van Eeden, 2000). Om sin te maak uit hierdie kompleksiteit van “gender”-kwessies wat in Suid-Afrikaanse sport neerslag vind, sal feministiese standpunte en aksies eksemplaries bespreek word.

**FEMINISME**

Feminisme is as ’n oortuigingstelsel gekonstrueer en verteenwoordig ’n filosofiese raamwerk wat bemagtiging en sosiale verandering insluit. Verskeie feministiese bewegings is gekarakteriseer deur diverse fokusareas en kollektiewe aksies wat ten doel het dat vroue seggenskap kry oor hul liggame en gelykheid ervaar op alle terreine van die samelewing (Henderson, 1989). Vroue het sedert die 1700’s wêreldwyd verenig om vir vroueregte te veg, en sosiale, ekonomiese en politieke beheer oor en toegang tot gelykheid op alle gebiede van die samelewing te eis (Nelson, 1994). Feministe het verskil ten opsigte van die oorsaaklike faktore van vroue se onderdrukking en het dienooreenkomstig ’n eie filosofiese visie, hul werksaamhede gefokus op die uitwissing van geïdentifiseerde oorsake van hul posisie.

Die liberale model van feminisme veronderstel ’n dualistiese begrip van die menslike natuur (liggaam en siel) en ruimte (privaat teenoor die openbare domein), en het seksistiese diskriminasie deur wetgewing en strukturele hervorming probeer beveg (Hall, 1996). Hulle argumenteer dat vroue en mans gelyk is, en hierdie standpunt bied aan hulle ’n mandaat om geslagsdiskriminerende wetgewing en beleid wat aan mans en vroue differensiële toegang, vergoeding en geleenthede bied, in die howe en op politieke forums te beveg (Birrell, 2000). Titel IX van die Wysigingswet op Onderwys van 1972 in die Verenigde State, magtig vroue se toegang tot tradisioneel manlike sportsoorte, die toevoeging van etlike items (10 000m wedloop, marathon en waterpolo vir vroue) tot internasionale kompetisies, asook toename in wedstrydgeld vir vroue en verteenwoordiging in besluitnemende strukture. Hierdie vordering is grotendeels die resultaat van liberaal-feministiese diskoers en praktyk (Scraton *et al.,* 1999).

Dit was egter duidelik dat wette alleen nie diskriminerende sportpraktyke kon stuit nie. In die patriargale kapitalistiese sportsisteem het vroue geensins gelyke toegang, deelname of voordele ervaar nie. Ekonomiese en markfaktore het ongelyke vergoeding en bevoordeling geregverdig op grond van sogenaamde kulturele voorkeure en ideologiese praktykte soos vervat in die aanvaarde geslagslogika en die mate waartoe internasionale borge en mediadekking sport winsgewend kon bemark (Coakley, 1998; Costa & Guthrie, 1994).

Kritiese feministiese modelle soos die Marxistiese feminisme en radikale feminisme het enersyds ekonomiese determinisme en kapitalisitiese eksploitasie en andersyds, ideologie as raamwerk vir verklarings geneem. Sedert die sewentigerjare het radikale feministe veld gewen deur die patriargale ideologie as die ‘wortel van vroulike onderdrukking’ sentraal in hul analise van en aksie teen geslagsdiskriminasie (Hargreaves, 1997) te stel. In teenstelling met die Marxistiese verdeling van ‘publieke’ en ‘private’ ruimtes wat op die arbeidsverdeling van mans en vroue onderskeidelik gegrond is, het radikale feministe die onderskeid verwerp deur te verklaar dat: “the personal is political” (Wood, 1997: 74). In haar boek *The frailty myth*, blameer Colete Dowling die sosialiseringspraktyke en “a culture of misogyny, parents and teachers who pander to gender stereotypes, and a media that rewards women for looking weak and feminine, and excoriates them when they display strength” (Krum, 2000: 60). Aanvanklik het die radikale feministe hul beywer vir die erkenning van manlike en vroulike

kwaliteite en eienskappe met die veronderstelling om erkenning te verkry vir ‘vroulike waardes’ soos emosionaliteit, ekspressie en die gevoelsmatige. Dit het egter enersyds gelei dat die samelewing bewus gemaak is van vroue se rol en hul marginalisering in die gemeenskap, maar andersyds het dit geslagstereotipes versterk (Costa & Guthrie, 1994). Die skeiding van seuns en dogters in liggaamlike opvoedingsprogramme, die stigting van kompeterende sportliga’s vir vroue, alternatiewe sportmodelle en onaanvaarbaarheid van die ‘geobjektiveerde vroulike liggaam’, was dikwels die fokus van radikale aksies (Hargreaves, 1994; Hall, 1996).

Binne die radikale paradigma van (vroulike) opposisie, moes die samelewing ideologies verandering ondergaan om vroue te bemagtig en te verhef bo (manlike) aspirasies van seksuele aantreklikheid en ondersteunende gedragspatrone. In hierdie opsig het die radikale en sosialistiese feministe verenig om uitgebreide historiese en teoretiese kritiek van geslagsgelyke strukture in die patriargale wêreld van sport te ontwikkel (Engelbrecht, 1996). ’n Kritiese agenda is gevestig en feministiese teorieë is deur ’n kulturele studieparadigma ingelig, wat verskil ten opsigte van die aanvaarding van die universaliteit van vroulike onderdrukking soos vergestalt in die radikale en sosialistiese feminisme (Birrell, 2000).

Veral sport word gesien as ’n terrein vir sosialistiese feminisme, wat die verhoudings tussen bewussyn (polities refleksiewe kennis) en praktyk (sosiale optrede deur polities bewuste persone) beklemtoon. Die stryd is hoofsaaklik tussen werksaamheid en beperking - "between dominant forces and subordinated forces and between the cultural production and the cultural transformation of power relations" (Birrell & Theberge, 1994: 362). Sosialistiese feministe beskou die onderdrukking van die vrou as ’n geïntegreerde en veelvlakkige proses van kapitalisme en manlike dominansie. Soos die radikale feministe het hulle hul beywer vir gelyke toegang van vroue tot bronne en korporatiewe ondersteuning. Gelyke geleenthede moes vir vroue geskep word om as afrigters, skeidsregters, joernaliste, administateurs en bestuurders, magsposisies te bekom ten einde patriargale oorheersing en geïnstitusionaliseerde patriargale kontrole teen te werk (Borish, 1996). Die klem op organisatoriese hervorming en demokrasie het aan dié benadering omvattende waarde gebied in terme van makro-analises en verklaring. Dit is juis hierdie tradisionele epistemologiese aannames en aansprake op universele verklarings wat persoonlike en kontekstuele ervarings grootliks negeer.

Unieke belewenisse van werkersklas en lesbiese vroue of vroue wat op grond van ras in ’n bepaalde samelewing gemarginaliseer word, het aan partriargale onderdrukking ’n eiesoortige betekenis gebied. Om hiervoor voorsiening te maak het modernistiese analises deur postmoderne en poststrukturalistiese teoretici die diskoers verskuif na die subjektiewe belewing van geslagsidentiteit en liggaamlikheid as “sites for contestation and struggle" (Scraton *et al.,* 1999: 99). Kulturele invloede, geloofsisteme, persepsies omtrent ‘etniese liggaamlikheid’, politieke en verpersoonlikte belewings van die self en van die sportidentiteit, is deur kwalitatiewe studies in die post-moderne feministiese tradisie in verskeie kontekste weergegee (Walby, 1992; Costa & Guthrie, 1994; Sisjord, 1997).

Subjektiewe belewings vorm die kern van hierdie mikro-vlak analise, en bring ’n sensitiwiteit vir byvoorbeeld die verstaan van Suid-Afrikaanse vroue wat ’n wye spektrum van ervarings en posisionering in die politieke en ekonomiese terrein verteenwoordig. Aan die een kant van die spektrum is die wit Suid-Afrikaanse feministe wat deur (oorwegend swart) ANC-vroue gemarginaliseer is en as elitiste, bourgeois en irrelevant beskou is in die stryd teen Apartheid.

Aan die ander kant van die spektrum is die ‘arm, plattelandse vrou’ wat vir dekades verskeie vorme van onderdrukking ervaar het, naamlik dié van ras, klas en geslag (Holland-Muter, 1995; Hargreaves, 1997).

Dit is duidelik dat diskriminasie en marginalisasie van vroue en vrouesport ’n komplekse en verweefde verskynsel is en nie sonder meer deur ’n enkele feministiese paradigma verklaar kan word nie. Dienooreenkomstig kan die potensiële waarde van feministies-gemotiveerde agenda’s en aksies alleen voorspel en gemotiveer word aan die hand van die konteks waarin dit manifesteer. Om tot ingeligte voorstelle vir verandering te kom, is dit egter noodsaaklik dat die konteks van geslagsdiskriminasie in Suid-Afrikaanse sport gestel word ten einde begrip daarvoor te bewerkstellig.

**HEGEMONIESE STRUKTURE, SUID-AFRIKAANSE SPORT EN DIE “GESLAGSMASJIENERIE”**

Die demokratisering van die Suid-Afrikaanse samelewing en die institusionalisering van vroueregte in alle politieke sfere is reeds wyd gedebatteer (Primo, 1997). Die ANC-regering (wat demokraties in 1994 verkies is) het ’n "geslagsmasjinerie" in die staat en burokrasie gestig om "the ideologies of gender difference and legitimate girls' and women's subordination" aan te spreek (Wolpe, 1997). Die verbintenis om geslags- (en rasse-) ongelykheid op nasionale vlak te herstel, het uitdrukking gevind in ’n aantal strukture en wetgewing. Die meeste artikels in nasionale liggame se beleidsdokumente verwys na opheffing en ontwikkeling deur die uitwissing van onderdrukking, diskriminasie en uitbuiting (Meintjies, 1993). Dit wil dus voorkom dat liberale feministe wat op wetlike verandering aandring, tot ’n groot mate suksesvol was om aan ‘vroulike bemagtiging’ binne ’n menseregte paradigma legitimiteit te bied deur wette en beleidsdokumente.

Dienooreenkomstig is geslagsgelykheid in sport in beleidsdokumente en openbare forums opgeneem wat enersyds politieke sentimente, en aan die ander kant, globaliseringsinvloede weerspieël. Bo en behalwe die primêre (polities gedrewe) internasionale vroueforums het die Brighton Declaration on Women and Sport (1994), die Windhoek Call for Action (1998), die 1999 World Summit on Physical Education’s Berlin Agenda, en die International Olympic Committee’s World Conference (IOK 2000) ’n invloed op nasionale beleid en strategieë gehad. Vroue en Sport Suid-Afrika (WASSA) is op 15 Maart 1997 bekendgestel en het ’n veelvlakkige strategiedokument gelewer om geslagskwessies onder die loep te neem om die doel van ’n geslagsregverdige sportkultuur in Suid-Afrika te bereik (WASSA, 2000). Die program ‘Vroue in Sport’ funksioneer sedert April 2000 in die Nasionale Sportkommissie onder die afdeling “Toegang en Regverdigheid”.

Liberale vroue-aktiviste het relatiewe sukses gehad om vroue tot tradisionele mansportsoorte toegelaat te kry en vernederende praktyke te beveg. Voorbeelde hiervan behels die verandering van die Wet op Boks, en die afstelling van ‘geslagstoetse’ vir vroue deelnemers by die Afrika Spele (1999) in Johannesburg (Nasionale Departement van Sport en Rekreasie, 1998/99).

Dit wil egter voorkom dat ten spyte van liberale standpunte en wetsbeskerming, vroue en vrouesport in ’n groot mate steeds in die Suid-Afrikaanse konteks polities en ekonomies gemarginaliseer word. Kulturele en tradisionele praktykte, ondersteun deur manlike ideologie

en hegemoniese strukture, bly hardnekkig voortbestaan ten koste van 'n regverdige en gelyke speelvlak vir mans en vroue.


**SUID-AFRIKAANSE SPORT AS GESLAGSGELYKE RUIMTE**

Binne die radikale feministiese paradigma kan hegemoniese sportpraktykte herlei word na die dominansie van patriargale ideologie. Prominent op die politieke agenda van die nuutverkose ANC-regering in 1994, was die behoefte aan simbole om die 'reënboognasie' saam te snoer. Kompetisie-sport het aan hierdie behoefte voldoen, enersyds omdat dit unieke moontlikhede tot nasionale identiteitsbelewing en internasionale erkenning en sukses gebied het, en andersyds omdat 'manlike sportsoorte' as nasionale sportsoorte reeds oorredende kulturele simboliese waarde gehad het vir blankes (rugby) en swart mense (sokker). Hierdie sportsoorte het amptelike erkenning en mediadekking gekry om 'n simbool van onbetwiste manlike heerskappy vas te vang binne die belewing van nasionale prestige en kollektiewe identifikasie.

Toe die (oorwegend wit) Suid-Afrikaanse rugbyspan die Wêreldbeker in 1995 gewen het, is die nasionale geslagsdiskoerse verpolitiseer. Afrikaner manlikheid is geobjektiveer en geprojekteer ingevolge patriargale magsverhoudinge wat die nasionale belang, demokratiese stryd, godsdienstige tema, die leër, asook die gesin (manlike binding) verteenwoordig, en emosie binne die manlike rugbybroederskap sanksioneer (Grundlingh, 1995). 'n Soortgelyke diskoers is gevolg toe die (oorwegend swart) nasionale sokkerspan, Bafana Bafana, die Afrika Nasiebeker in 1996 gewen het. Hierdie gebeurtenis het die nalatenskap van 'n manlike sport as van uiterse nasionale belang voortgesit, en die norm gestel van 'n ongelyke geslagsruimte in Suid-Afrikaanse sport.


Die marginalisering van vrouesport in terme van mediadekking, befondsing, borgskappe en prysgeld is herleibaar na die onderliggende ideologiese raamwerk en strukture wat geslagskeiding onderskryf. Die rasionalisering dat vrouesport minderwaardig is en minder wins lewer, word gebruik vir die regverdiging van ongelyke toekenning van bronne aan vroue en vrouesport deur openbare maatskappye, borge en nasionale federasies. Geen Suid-Afrikaanse vrou het nog die lys van top dertig bes-besoldigde sportpersone gehaal nie (Butler & Green, 2000), verskeie vroulike atlete ondervind probleme om borgskappe te bekom (Oliver, 2000), en verskeie nasionale federasies bied minderwaardige bronne aan sportontwikkeling vir vroue. Die Verenigde Krieketraad het byvoorbeeld vir 2001 slegs R10 000 van 'n begroting van R35 miljoen vir krieketontwikkeling toegestaan aan die ontwikkeling van die sport by vroue (Edwards, 2001).

By ontleding van vroue-atlete se verteenwoordiging in nasionale spanne vir die afgelope dekade, het dit duidelik geword dat mansatlete steeds verreweg in die meerderheid is. Vroue se deelname aan die Olimpiese Spele sedert Suid-Afrika se hertoelating in 1992 na etlike dekades van isolasie, is relatief laer as hul deelname aan die Statebond Spele (1994 en 1998), deels omdat die kwalifiserende kriteria relatief hoër en die keuring dus strenger is (vergelyk Figuur 1).




*FIGUUR 1*. **DIE VERTEENWOORDIGING VAN SUID-AFRIKAANSE MANS EN VROUE IN INTERNASIONALE SPORTKOMPETISIES**


By die Sydney Somer Olimpiese Spele in 2000, was 29% van die 131 atlete vroue. Beperkte fondse is ass rasionaal aangevoer en 'n debat is ontketen oor die beskikbaarheid van vroue-atlete wat vir dié hoë vlak van deelname kwalifiseer. Dit is betekenisvol dat slegs een 'vrou van kleur' as atleet in die nasionale span vir Sydney ingesluit is. Dat die meerderheid 'vroue-atlete van kleur' uit histories agtergestelde gemeenskappe kom, bied addisionele uitdagings aan hulle om tot kompeterende sport toe te tree. Vrye tyd, die beskikbaarheid van gespesialiseerde afrigting, toerusting en ondersteunende strukture verg ekonomiese insette en bronne wat nie altyd tot die 'werkersklas' se beskikking is nie. Vroue uit hierdie sosio-ekonomiese stratum ondervind derhalwe ernstige beperkings om op sportgebied te presteer.




*FIGUUR 2.* **DIE VERTEENWOORDIGING VAN MANS VERSUS VROUE AS ATLETE EN BESLUITNEMERS IN NASIONALE SPORTFEDERASIES**

Die manlike ideologiese raamwerk, geakkrediteer by sport as 'n manlike gebied, het ook 'n oorloopeffek na magsposisies in die Suid-Afrikaanse sportstrukture (Roberts, 1993; Engelbrecht, 1996). Die prentjie van vroueverteenwoordiging in besluitnemingsposte in Suid-Afrikaanse sport weerspieël in 'n groot mate die geslagsverhouding van besluitnemers of deelnemers van die Nasionale Sportfederasies (Burnett & Mkhonto, 2001).[1] Uit figuur twee kan afgelei word dat sekere nasionale sportfederasies (rugby, gholf en sport vir gestremdes) geen vroue in besluitnemende posisies het nie, ten spyte van 'n klein persentasie deelname van vroue in laasgenoemde (vergelyk figuur drie). Die verteenwoordiging van vroue in besluitnemende posisies is deurgaans laag met die uitsondering van fietsry en gimnastiek. Gimnastiek het ook relatief die meeste aantal vroulike deelnemers in die nasionale spanne (vergelyk figuur drie). Daarteenoor het die nasionale swemfederasie relatief baie vroulike deelnemers, maar min vroue in besluitnemende posisies. Oor die algemeen wil dit egter voorkom dat mans vroue oorheers in terme van deelname aan en verteenwoordiging in mags- en besluitnemingsposisies, ongeag die geslagsamestelling van deelnemers (vergelyk Figure 2 en 3).

[1] Burnett en Mkhonto het in Mei 2000 'n opname gedoen onder die Nasionale Sportfederasies waarvan slegs 10 uit die 22 hooffederasies hul geslagsamestellingsyfers met betrekking tot deelnemers (provinsiale en nasionale vlak) en besluitnemers (bestuurders, amptenare, personeel en afrigters) ingedien het.




*FIGUUR 3.* **DIE VERTEENWOORDIGING VAN MANS/SEUNS VERSUS VROUE/ MEISIES AS DEELNEMERS IN NASIONALE SPORTSPANNE**

Ekonomiese beperkinge (Marxistiese feminisme), die heersende patriargale ideologie ten opsigte van domestikale rolvervulling en die aanstelling van mans in besluitnemingsposisies (radikale feminisme), asook die relatiewe ontoeganklikheid van sinvolle belewing as vrou (sosialistiese feminisme), blyk van die hoofredes te wees vir die relatiewe lae vlak deelname van vroue en meisies aan sport en fisieke aktiwiteite. Hierdie redes word aangevoer in 'n onlangse studie waar BMI Sport Info uitgebreide marknavorsing gedoen het deur met 3 000 Suid-Afrikaanse vroue van 18 jaar en ouer in 'n ewekansige steekproef onderhoude te voer. Die steekproef dui op 'n 21% deelnamekoers vir vroue in vergelyking met 40% mans wat aktiewe deelnemers is. Die vlak van deelname is nog laer in arm plattelandse gebiede onder getroude vroue met kinders (18%) en huisvrouens was die grootste benadeelde groep (slegs 16% neem aan sport deel) (SISA, 1997).

Die sosialistiese feminisme het besondere verklaringswaarde wanneer daar na die relatiewe mislukking van sportontwikkelingsinisiatiewe gekyk word wat nie kon slaag om vroue as sportadministrateurs op voetsoolvlak betrokke te kry nie. Die respons van vroue uit benadeelde gemeenskappe om in 1977 as lekesportadministrateurs opgelei te word onder die beskerming van die Nasionale Sportraad van die Wes-Kaap, was relatief swak (tussen 16 en 29 persent) (Boshoff, 1997). Ideologiese en omgewingsbeperkinge het vroue se toetrede tot die administrasie van kompeterende sport op gemeenskapsvlak, benadeel (Burnett & Hollander, 1997).

Dit is eers toe die Nasionale Sportraad (en sedert 2000, die Sportkommissie) in samewerking met die Australiese Sportkommissie, vroue-onderwysers as verteenwoordigers van die junior sportontwikkelingsdeelnamekomponent van die Protea Sportprogram as teikengroep gehad het, dat geslagsverteenwoordiging in terme van getalle bereik is (1995 en nog steeds). Post-

strukturele feminisme (waar ruimte geskep word vir die differensiële en subjektiewe belewing van bemagtiging) bied insig in die individuele interpretasie van alternatiewe sportbelewing en –opvoeding. Om as sportopvoeders by kinders en sportontwikkeling betrokke te wees, het aan die onderwyseresse 'n nis as aanbieders gebied. Hulle het bemagtiging ervaar ten spyte daarvan dat mansonderwysers steeds die bestuurs- en afrigtingsposte in mededingende skoolsport beklee het (Burnett *et al.,* 1999). Enkele onderwyseresse wat in 1998 die junior sportonwikkelingsprogram by skole in milieu-gestremde omgewings in die Oos-Kaap en Noordelike Provinsie aangebied het, vertel as volg van hul bemagtigingservarings:

> "Codes (competitve sports) are for competition and Super Kidz (sport development programme) is for fun. In the codes they like to win and compete, but for Super Kidz they just like to take part. They are proud to take part in showing off when they demonstrate the activities, but it is rather to share than to compete."
>
> "As a teacher you (are empowered) and become more approachable – you are not only formal teachers but you play with them. They (the children) trust you more as you are now part of their team...They trust you more and communicate with you more openly." (Burnett *et al.,* 1999: 40-41)

Dit wil dus voorkom asof hegemoniese manlike sosiale praktyke ondersteun word deur ideologie en ingewortel is in die bewussyn van mense. Dit word deur mans en vroue as natuurlik en aanvaarbaar beskou. Wette en beleid (liberale feminisme) om geslagsgelykheid te bevorder, word dikwels gekortwiek deur dominante strukture en diskoerse wat uitsluitend is en oor tyd in so 'n mate geïnstitusionaliseerd is dat die verandering daarvan moeilik is (Whitson, 1990). Dit is 'n opdraande stryd vir vroue om ongelykhede te identifiseer en verandering te eis, aangesien strukturele en kulturele toestande binne organisasies albei gekonstrueer en gerekonstrueer is vir en deur mans (radikale en sosialistiese feminisme). Ongelykhede vorm dikwels 'n integrale deel van organisasie-stelsels, -praktyke en -beleide wat kumulatief kan wees om geslagsgelykheid aan bande te lê. Beperkings sal oorkom moet word en ideologiese en strukturele praktyke sal noukeurig ondersoek en gesensitiseer moet word vir verandering. Terselfdertyd word diskriminerende geslagspraktyke differensieel beleef (post-moderne feminisme) en sal vroue van verskillende rasse- en klassegroeperinge eiesoortige verwagtings en ervarings hê wat byvoorbeeld prioriteit aan kompeterende sport verleen of 'n alternatiewe belewing soek (sosialistiese feminisme). Hierdie kaleidoskopies en soms gefragmenteerde belewings behoort in ag geneem te word wanneer 'n agenda vir verandering voorgestel word.

## 'N AGENDA VIR VERANDERING

Teen die agtergrond van liberale wetgewing, beleidsverklarings en die politieke klimaat van die beskerming van menseregte en geslagsgelykheid, kan Suid-Afrikaanse vroue toegang tot en erkenning op die gebied van sport eis. Suid-Afrikaanse vroue se vermoë om verenigings te stig, as afrigters te kwalifiseer en ligas in sokker, krieket, rugby en raakrugby van provinsiale tot nasionale vlak te struktureer, is nie geringe prestasies nie. Ten spyte van sukses om diskriminerende wetgewing te laat verwyder (boks, geslagsverifiëringstoetse), 'n tydskrif vir vrouesport (*Sportswoman)* te vestig en pogings om vrouekwessies op die nasionale agenda geplaas te kry, is dit duidelik dat vroue steeds in die Suid-Afrikaanse samelewing op die gebied van sport gemarginaliseer word (Hargreaves, 1997).

Die stryd om groter gelykheid vir vroue in sport is onvermydelik gekoppel aan breër sosiale en politieke kwessies as deel van die alledaagse lewenservarings van mense. Daarom is dit moeilik om sosiale praktyke wat sosiale norme geword het, ongedaan te maak (Hall, 1996). Om vroueregte aan te kondig en wette daarvoor te maak, kan nie die samelewing of patriargale gesindhede in sport verander nie, maar dit kan baie doen vir die proses en praktyk van die lewering en beskerming van vroueregte en –bemagtiging. Die deurvoer en toepassing van beleid deur nasionale sportfederasies en sosiale instellings soos tersiëre instellings en sportklubs, sou 'n verdere stap wees om beleidstoepassing te verseker. In dié verband kan die 'geslagsmasjinerie' van die regering en vrouegroepe baie doen om vrouesport te verpolitiseer, en sportkultuur en die samelewing te transformeer om proaktief op te tree deur vroue in sport op die agenda vir verandering te plaas.

Patriargale ideologie, hegemoniese sportpraktyke en sosialisering tot geslagstereotipes behoort deur radikale feministe blootgelê en aangespreek te word. Ongelyke befondsing, seksistiese beriggewing en marginale mediadekking behoort aan die openbare klok gehang te word. Openbare teregwysing, bewusmakingsveldtogte, rolmodelle en navorsing binne 'n feministiese paradigma, kan van onskatbare waarde wees om verandering te inisieer. Die verandering van sosiale gesindhede en verwagtings behoort sportinstellings te beïnvloed om hegemoniese strukture en ideologiese beperkings te opponeer ten einde plek te maak vir geslagsgelykheid, 'n alternatiewe belewing in en van kompeterende sport, asook die verskuiwing van geslagsgrense en subjektiewe belewings en oordele.

Hierdie proses van omskepping sal individuele sowel as kollektiewe werksaamheid vereis. Hoewel nie in 'n dominante posisie nie, behoort feministe, atlete (rolmodelle) en vrouegroepe hul weerstand te laat hoor en in die openbaar protes aan te teken (Birrell & Theberge, 1994). Op ideologiese vlak is daar baie om uit te daag om 'n inklusiewe sportmodel te ontwikkel en te vestig. Openbare diskoerse, navorsing en (onbevooroordeelde en "gender"-sensitiewe) media-aanbiedings is maar enkele van die ideologiese terreine van ontevredenheid wat aangespreek kan word.

Suid-Afrikaanse feministe en feministiese bewegings sou sinvol kon saamsnoer om 'n ingeligte en polities-aktiewe front te vorm. Bemagtiging in die openbare ruimte sal moontlik neerslag vind in die persoonlike gebied waar die bakermat vir weerstand teen patriargale ideologie en manlike meerderwaardigheid essensieel is vir transformasie. Dit is 'n opdraande stryd vir Suid-Afrikaanse vroue wat hul beywer vir algemene verandering en gelykheid in en deur sport ten einde volwaardige erkenning en ondersteuning vir die vroue-atleet en -sport toe te eien.

**SUMMARY**

**Athena Nike was no South African goddess: The myth and reality of engendered sport**

The symbolism of the triumphant Greek goddess Athena to promote the trans-national sport corporation's image of excellence is rather an irony for millions of women who have been marginalized in the world of sport and physical culture. Sport is an engendered space that is to a large extent protected and perpetuated through the 'myth of frailty', hegemonic masculinity, and men who have always dominated and controlled the world of sport as a 'male preserve' – a bastion of traditional masculinity, structures and societal arrangements.

Making sense of the ideological terrain of women's marginalization, 'gender' is discussed as an ideological and sociological construct with reference to the meaning society awards to the natural difference between men and women, femininity and masculinity. Patriarchy and male hegemony that support a worldview and perpetuate structures and social practices that enable men to dominate women, are explored. This ideology or gender logic is perpetuated by socialization practices and hegemonic masculinity in sport that contributes to the marginalizing and ghettoizing of women and traditionally female sports.

Myth and reality of women's social and political status in society and sport become clear through an analysis of feminist paradigms (liberal, radical, socialist, cultural studies and post-modern versions). Liberal feminism accepted the dualist concepts of body and soul and the private and public space, and the movement fought against sex discrimination through advocating structural change and in court. Critical feminists (Marxists and radical feminism) focused their activities on the exposure of capitalist exploitation and patriarchal ideology through the introduction of separatism, education and alternative sport experiences. In the domain of competitive sport, socialist feminists lobbied for political change and cultural transformation of power relations. Post-modern feminists advocated an understanding for the plurality of women's experiences to allow for differential marginalization in terms of race and class as well as the crossing of gender boundaries. A synthesis of theories and praxis are advocated to explain the complex social world of women and their involvement in sport, in which political agency is to be guided by a 'bottom-up' and 'bottom-down' approach. In exploring the complexity and diversity of South African feminism and feminist actions by the public 'gender machinery', being divided along racial and class lines, a picture of relative agency unfolds.

Women's under-representation as athletes and decision-makers in national teams and National Sports Federations is mirrored by their absence in sports development projects (the United Kingdom-South Africa Sports Initiative), the marginalization as presenters of sports development in schools (Protea Sports Programme) despite individuals' perceptions of personal empowerment. Athletes' experiences, the many constraints, and the ideological and structural barriers women face to participate, excel and become part of the South African sports fraternity, inform an agenda for change.

Legislation and policy cannot eradicate deeply rooted discriminatory practices and male hegemonic strongholds, yet the government and women's groups can do much to politicize women's sport and to transform sports culture and society to become proactive in placing women and physical culture (including sport and recreation) on the agenda for change. The

empowerment of women should be given a feminist interpretation, addressing the issues of women in a wider South African society and in sport. South African feminists and feminist movements should form a cohesive, informed and politically-active front to lobby for change in and through sport by eradicating inequality and earning recognition as women athletes and for women sports.

**VERWYSINGS**

BAUMAN, Z. (1991). *Thinking sociologically*. Oxford: Blackwell.

BIRRELL, S. (2000). Feminist theories for sport. In J. Coakley & E. Dunning (Eds.), *Handbook of Sports Studies* (61-76). London: SAGE Publications.

BIRRELL, S. & THEBERGE, N. (1994). Feminist resistance and transformation in sport. In D.M. Costa & S.R. Guthrie (Eds.), *Women and sport: Interdisciplinary perspectives.* Champaign, IL: Human Kinetics.

BORISH, L. (1996). Women at the Modern Olympic Games: An interdisciplinary look at American culture, *Quest,* 48: 43-56.

BOSHOFF, G.V.E. (1997). "Barefoot" sports administrators: Laying the foundation for sports development in South Africa. *Journal of Sport Management,* 11(1): 69-79.

BOUTILIER, M.A. & SANGIOVANNI, L. (1983). *The Sporting Woman.* Champaign, IL: Human Kinetics.

BURNETT, C. & HOLLANDER, W. (1997). *Pre-evaluation report of the United Kingdom-South Africa sports initiative.* Johannesburg: Department of Sport and Movement Studies, Rand Afrikaans University.

BURNETT, C.; HOLLANDER, W.; UYS, J.M.; DE BRUIN, G.P. & LOMBARD, A.J.J. (1999). The Australia-South Africa sports development programme: An impact study of the junior sport component. Johannesburg: Department of Sport and Movement Studies, Rand Afrikaans University.

BURNETT, C. & MKHONTO, K.T. (2001). Gender and sport as contested terrain in South African society. In L.O. Amusa (Ed.), *Sport in contemporary African society: An anthology*. Chapter accepted for publication. Publisher not finalized.

BUTLER, D. & GREEN, D. (2000). Sporting giants raking in boodle. *Saturday Star,* 29 July, p. 3.

COAKLEY, J.J. (1998). *Sport in society. Issues & controversies.* Singapore: WCB/McGraw-Hill.

COSTA, D.M. & GUTHRIE, S.R. (Eds.) (1994). *Women and sport.* Champaign, IL: Human Kinetics.

DAVENPORT, J. (1988). The role of women in the IOC and IOA. *Journal of Physical Education, Recreation, and Dance,* 59: 42-45.

DAVIS, K. (1996). *Reshaping the female body: The dilemma of cosmetic surgery.* New York, NJ: Routledge.

DUNNING, E. (1994). Sport as a male preserve: Notes on the social sources of masculine identity and its transformations. In S. Birrell & C.L. Cole (Eds.), *Women, sport and culture* (163-179). Champaign, IL: Human Kinetics.

EDWARDS, J. (2001). Onderhoud met die koördineerder van vroue krieket by die Verenigde Krieketraad van Suid-Afrika. Johannesburg, 11 Junie.

EITZEN, D.S. (2000). Social control and sport. In J. Coakley & E. Dunning (Eds.), *Handbook of sports studies* (370-381). London: SAGE Publications.

ENGELBRECHT, A.M. (1996). A sociological study of the role of women in sport: A feminist perspective. Unpublished M.A. thesis. Pretoria: University of South Africa.

GRUNDLINGH, A. (1995). Playing for power. Rugby, Afrikaner nationalism and masculinity in South Africa. In A. Grundlingh; A. Odendaal & B. Spies (Eds.), *Beyond the try line: Rugby and South African society* (106-135). Randburg: Ravan Press.

HALL, A. (1996). *Feminism and sporting bodies.* Champaign, IL: Human Kinetics.

HARGREAVES, J. (1994). *Sporting females. Critical issues in the history and sociology of women's sports.* London: Pluto Press.

HARGREAVES, J. (1997). Women's sport, development and cultural diversity: The South African experience. *Women's Studies International Forum,* 20(2): 191-209.

HENDERSON, K. (1989). *A leisure of one's own: A feminist perspective on women's leisure.* State College, TX: Venture Publishing.

HOLLAND-MUTER, S. (1995). Opening pandora's box: Reflections on 'whiteness' in the South African women's movement. *Agenda,* 25: 55-62.

IOK (Internasionale Olimpiese Komitee) (2000). Tweede wêreldkonferensie oor vroue en sport. Parys, Frankryk, 8 Maart. Ongepubliseerde dokument.

JANSEN, S.C. & SABO, D. (1994). The sport/war metaphor; hegemonic masculinity, the Persian Gulf War, and the new world order. *Sociology of Sport Journal,* 11: 1-17.

JONES, D.E.M. (1998). Gender equity in sport and recreation: Defining equal opportunities. *African Journal for Physical, Health Education, Recreation and Dance,* 4(2): 88-98.

KRUM, S. (2000). Female does not equal frail. *Mail & Guardian*, 13-19 Oktober, p.60.

LEMMER, E.B. (1989). Invisible barriers: Attitudes toward women in South Africa. *South African Journal of Sociology,* 20(1): 30-37.

LENSKYJ, H. (1995). What's sport got to do with it? *Canadian Woman Studies,* 15(40): 6-10.

MEINTJIES, S. (1993). Dilemmas of difference. *Agenda,* 19: 37-42.

MESSNER, M. & SABO, D. (1990). *Sport, men and the gender order.* Champaign, IL: Human Kinetics.

NASIONALE DEPARTEMENT VAN SPORT EN REKREASIE (1998/1999). Jaarverslag. Pretoria: Departement van Sport en Rekreasie.

NELSON, M. (1994). *The stronger women get, the more men love football.* New York, NJ: Avon Books.

OLIVER, L. (2000). Speedo claims Sarah Poewe has sponsorship. *Cape Argus,* 21 October, p.10.

PRIMO, N. (1997). Women's emancipation: Resistance and empowerment. *Agenda,* 34: 31-44.

ROBERTS, C. (1993) (Ed.). *Review of South African sport.* Cape Town: Township Publishing.

SAGE, G.H. (1998). *Power and ideology in American sport.* Champaign, IL: Human Kinetics.

SCRATON, S.; FASTING, K.; PFISTER, G. & BUNEUEL, A. (1999). It's still a man's game. *International Review for the Sociology of Sport,* 34(2): 99-111.

SISA (Sport Information South Africa) (1997). *Research on the participation of women in sport in South Africa*. Pretoria: BMI-Sportinfo.

SISJORD, M-K. (1997). Wrestling with gender. *International Review for the Sociology of Sport,* 32(4): 433-438.

VAN EEDEN, J. (2000). 'Kyk daai 38C op linker vleuel!' *Rapport,* 12 Maart, p.18.

WALBY, S. (1992). Post-post-modernism. Theorizing social complexity. In M. Barrett & A. Phillips (Eds.), *Destabilizing theory: Contemporary feminist debates (*31-42). Oxford: Polity Press.

WASSA (Women and Sport South Africa) (2000). In partnerships: The challenges of girls'and women's participation in sports and recreation. Unpublished document. Pretoria: WASSA.

WHITSON, D. (1990). Sport in the construction of masculinity. In M.S. Messner & D. Sabo (Eds.), *Sport, men and the gender order: Critical feminist perspective* (19-310). Champaign, IL: Human Kinetics.

WOLPE, A. (1997). Framework for gender sensitivity. *Agenda,* 21: 10-12.

WOOD, J.T. (1997). *Communication, gender and culture.* Melbourne: Wadsworth.

YANNONG, F.; JUN, J.U. & WEI, F. (1997). Factors determining the recent success of Chinese women in international sport. *The International Journal of the History of Sport,* 14(1): 191-194.

Prof. Cora Burnett, Departement Sport- en Bewegingstudies, Randse Afrikaanse Universiteit, Posbus 524, Aucklandpark, Johannesburg 2006, Republiek van Suid-Afrika. Tel: +27 (0)11 489-2677 (w), +27 (0)11 782-4094 (h), Faks: +27 (0)11 489-2671, E-pos: cbbl@eb.rau.ac.za

*(Vakredakteur: Prof. P.C. Singh)*